

15 Mei Psalm 126

(Teks :126:5 en 6)

Slegs 'n huilende kerk ervaar seën

Volgens die Bybel gaan blydskap en droefheid hand aan hand.

Jesus het gesê: *Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word* (Matt 5:4).

Geen kerk sal sonder trane werklik groei en bloei nie.

Psalm 126 leer ons duidelik: *heilige droefheid is die saad waaruit ewige vreugde ontkiem. Slegs die wat met trane saai sal met gejubel maai.*

Psalm 126 vertel van 'n tyd waarin God se volk in gevangenis was. Hulle kyk terug na 'n vorige keer toe die Here hulle gered het, en dan bid hulle: "Verander tog ook nou ons lot Here..." (vers 4).

Maar die vryheid wat God gee kan niemand ontvang en ervaar as hy nie waarlik berou het oor sy eie sonde nie.

Eers as jou hart bedroef is oor wat jy God aangedoen het en 'n opregte voorneme het om te verander het jy waarlik berou oor jou sonde.

Die Heilige Gees bring hierdie berou in ons harte deur ons van ons sonde te oortuig en ons te verseker van God se liefde en vergifnis.

Hoe meer jy geestelik groei en die wonderlike liefde en vergifnis van die Here Jesus leer ken, hoe meer sal die sonde wat in jou oorgebly het vir jou 'n bron van diep weemoed wees.

Dan kry jy ook bewoënheid met ander se geestelike nood.

Dan gaan jy na die strate en die gangetjies en die paaie en die lanings, en dring by verlore mense aan om in te kom sodat die Here se huis kan vol word (Lukas 14:21 en 23).

Die Here weet van al ons trane. Kyk na Psalm 56:8: *U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.*

Alhoewel God ons nou al troos deur sy Gees en Woord sal die Here Jesus met sy wederkoms self al die trane uit ons oë wegvee.

Sing Skrifberyming 9:1,5,6

Dr. P.J. Buys (Kwa Ndebele)